
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN
# 2024
# NASIENRIGLYNE

**GESKIEDENIS (VRAESTEL 2) (10792)**

**30 bladsye**

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe vlakke | Historiese vaardighede | Gewig van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese konsepte/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Raak betrokke by bronne om die bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae:

- Gebruik ŉ regmerkie (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien ŉ vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is aan die einde van die paragraaf; dui ook die vlak (1, 2 of 3) aan soos aangedui in die holistiese rubriek en lewer kort kommentaar, bv.

________________• ____________________________• _______________________

____________________________________________• _______________ ✓✓✓✓

VLAK 2

Gebruik meestal relevante bewyse om ŉ basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punt akkuraat op die buiteblad van die antwoordskrif oorgedra word.

**2. OPSTELVRAE**

**2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

**2.2 Nasien van opstelvrae**

Nasieners moet daarvan bewus wees dat die inhoud van die antwoord deur die nasienriglyne gelei moet word. Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## 2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as ŉ geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om ŉ argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om ŉ vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Die holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument (beplan, gestruktureer en ŉ onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne) en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne)  Bv. In ŉ opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument te ondersteun. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.4.4 Die volgende simbole **MOET** gebruik word in die assessering van ŉ opstel:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | **Λ** |
| • Verkeerde stelling<br>• Irrelevante stelling | ________<br>\|<br>\|<br>\| |
| • Herhaling<br>• Analise<br>• Interpretasie<br>• Argument | **R**<br>**A** ✓<br>\| ✓<br>LOA ↕ |

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle:

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ŉ opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | 26 – 27 |
| A | VLAK 3 | |

**OPMERKING**
Sommige weglatings in die inhoudsdekking
Pogings om ŉ argument te handhaaf


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| AANBIEDING → INHOUD ↓ | VLAK 7 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1* Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47 – 50** | **43 – 46** | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudskeuse relevant tot argument wat gevolg is | **43 – 46** | **40 – 42** | **38 – 39** | | | | |
| **VLAK 5** Vraag is grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38 – 39** | **36 – 37** | **34 – 35** | **30 – 33** | **28 – 29** | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30 – 33** | **28 – 29** | **26 – 27** | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26 – 27** | **24 – 25** | **20 – 23** | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20 – 23** | **18 – 19** | **14 – 17** |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14 – 17** | **0 – 13** |

**Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:**

- Vraag glad nie aangespreek nie/heeltemal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Antwoord sluit basiese en oor die algemeen irrelevante inligting; in = 1 – 6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; min poging om die opstel te struktureer = 7 – 13



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET BURGERLIKE ORGANISASIES IN SUID-AFRIKA OP PW BOTHA SE HERVORMINGS EN APARTHEIDSBEPERKINGS IN DIE 1980's GEREAGEER?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1A – V1]*

- Opheffing van die Noodtoestand
- Verwydering van polisie en weermag uit townships
- Vrylating van alle politieke gevangenes en aangehoudenes (3 x 1) (3)

1.1.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1A – V1]*

- Dat daar nie by winkels in hoofsaaklik wit besit gekoop het nie
- Nie gekoop het by winkels wat besit word deur swart medewerkers van die apartheidsregime nie (enige 1 x 1) (1)

1.1.3 *[Definisie van konsep uit Bron 1A – V1]*

- Die Noodtoestand was 'n wrede en onderdrukkende manier wat deur die apartheidsregering gebruik is om anti-apartheidsaktiwiteite in die townships te beperk
- Die regering kan aktiviste arresteer of doodmaak net om aktiwiteite in die township te stop
- Polisie en die weermag het ekstra magte gekry om die politieke situasie in die land te beheer
- Aandklokreël is in die townships ingestel om politieke aktiwiteite te beheer

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Ideologiese verskille tussen die lede
- AZAPO het idees ondersteun om nie met blankes te werk nie en UDF was veelrassig

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Gemeenskapsleiers wou verbruikersboikot-aktiviste lei en bemagtig sodat boikotte goed georganiseer is en duidelike rigting het
- Hulle wou verseker dat die boikot nie in kriminele aktiwiteite ontaard nie
- Sodat die boikot die gewenste uitkomste kon bereik
- Sodat hulle aktiwiteite dissipline en hoë moraal gehad het

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.2 1.2.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1B – V1]*

- Daar was baie bedrywighede en opstande in die meeste van die townships in daardie tyd (1 x 1) (1)

1.2.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1B – V1]*

- Die straatkomitees
- Die blokkomitees
- Die werfkomitees (enige 2 x 1) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1B – V2]*

(a)
- Mense in die townships het geweier om te betaal vir verblyf in die huise wat aan die staat of iemand geaffilleer met die staat behoort

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

(b)
- Mense het ophou koop by winkels in wit besit of winkels wat aan apartheidsmedewerkers behoort (ondersteuners)
- Mense in townships is gedwing om by winkels in swart eienaarskap te koop
- Demonstrasies is buite geteikende winkels of maatskappye gehou om bewusmaking te skep en hulle onder druk te plaas

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1B – V2]*

- Hy het bedoel dat Alexandra ook by ander townships aangesluit het om huurbetalings te boikot
- Mense in Alexandra het opgehou om by geboikotte winkels/in wit eienaarskap te koop

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

1.2.5 *[Bepaling van die betroubaarheid van Bron 1B – V3]*

**DIE BRON IS <u>BETROUBAAR</u> WANT:**

- Dit is eerstehandse inligting/primêre bron afkomstig van mnr. Bapela wat tydens die WVK-verhore gereageer het/bevat Bapela se eie/oorspronklike woorde/getuienis gelewer tydens WVK-verhore
- Mnr. Bapela was 'n aktivis wat direk betrokke was by die aktiwiteite/vorming van die burgerlike organisasies
- Mnr. Bapela het tussen die Oos-Kaap en Alexandra gereis en het dus die direkte ervaring gehad van gemobiliseerde burgerlike organisasies in verskillende townships

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 1.3.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1C – V1]*

- 7 000 Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) troepe na die swart townships van die Vaal te stuur om die opstand te onderdruk (1 x 1) (1)

1.3.2 *[Definisie van 'n historiese term uit Bron 1C – V2]*

- 'n Organisasie/protes wat gekant was teen verpligte militêre opleiding van wit mans wat in die 1980's deur Botha ingestel is
- 'n Organisasie/protes wat geveg het vir die einde van 'n regeringsbeleid waar jong wit mans gedwing is om verpligte militêre opleiding te doen met die opdrag om die brutaliteit van die apartheidsregering in die 1980's te handhaaf/om enige swart opposisie teen apartheidswette in die 1980's te onderdruk

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1C – V1]*

- 'Die UDF nasionale leierskap was destyds in wanorde (deurmekaar) – hetsy in aanhouding of het weggekruip' (1 x 1) (1)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Die gemeenskapsgebaseerde organisasies was kragtig, en in staat om apartheidswette te ondermyn deur 'n werk wegbly-aksie te reël, tog was die apartheidsregering gedetermineerd om verder protes te onderdruk

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

1.3.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Hulle het beweer dat polisielede en raadslede met die regering saamgewerk het en daarom vermoor moes word
- Hulle het geglo dat sommige mense polisie-/regeringsinformante /uitverkoopers/spioene is en dus verdien om doodgemaak/ gehalsnoer te word

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

1.3.6 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1C – V1]*

- 12 mense (1 x 1) (1)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Dit is geskep om ŉ beroep op verbruikers te doen om op te hou koop by wit winkels/om by winkels in swart besit te begin koop
- Dit is geskep om die regering te versoek/te eis om die moorde/gebruik van gewere/geweld in die swart gemeenskappe te stop
- Dit het geëis dat die regering en werkgewers beter salarisse te betaal
- Dit het ŉ beroep gedoen op/mobiliseer oud en jonk om die saak van die UDF/ die verbruikersboikot te ondersteun

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1D – V1]*

(a) Ons eis minder gewere
ons eis hoër lone (enige 1 x 1) (1)

(b) Ondersteun die verbruikersboikot/logo van jong en ou mense (1 x 1) (1)

1.5 *[Vergelyking van inligting uit Bron 1B en 1D – V3]*

- Bron 1B verduidelik hoe mense ontmoedig is om by winkels in wit besit te koop (verbruikersboikot) en in1D is 'n plakkaat eis ondersteuning vir ŉ verbruikersboikot
- Bron 1B sê daar is op gemeenskappe insluitend jong mense in die townships geskiet en Bron 1D doen ŉ beroep op die regering om die wapens/geweld in townships te verminder

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van inligting uit relevante bronne – V3]*

- Burgerlike organisasies het gevra vir die verbruikersboikot/stop aankope by winkels in wit besit (Bron 1A, 1B, 1C en 1D)
- Hulle het die opheffing van die noodtoestand geëis (Bron1A)
- Hulle het geëis dat weermag en gewere uit die swart gemeenskappe se gebiede verwyder word (Bron 1A en 1D)
- Het eise gehad vir plaaslike en studente-eise in leerinstellings (eie kennis)
- Baie betogings en demonstrasies het plaasgevind as ŉ vorm van herdenking van sommige gebeurtenisse soos die Sharpeville-slagting en Soweto-opstand (Bron 1B en 1C)
- Gemeenskappe het gedemonstreer ná die begrafnis van prominente anti-apartheidsaktiviste
- Hulle het straat-, blok- en werfkomitees gevorm om vir gemeenskappe te sorg toe regeringsmedewerkers geskors is (Bron 1B)
- Huurboikotte in townships in die Transvaal (eie kennis)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- In die Transvaal het hulle die grootste wegblyaksie in 35 jaar gereël. (eie kennis)
- Die burgerlike organisasies het geveg teen die medewerkers van die regering soos polisie-informante, polisiemanne en raadslede wat deur apartheid verkies is (Bronne 1B, 1C).
- Hulle het beter lone geëis (Bron 1D)
- ʼn Beroep op alle mense uit alle vlakke van die samelewing, alle geslagte en die jeug en ou mense gemaak om te demonstreer en anti-apartheidsaktivisme te ondersteun (eie kennis)
-

(Enige ander relevante antwoord.)

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ʼn elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip om te verduidelik hoe Burgerlike organisasies in Suid-Afrika op PW Botha se hervormings en apartheidsbeperkings in die 1980's gereageer het**. Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ʼn paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou tot ʼn groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon ʼn mate van begrip deur te verduidelik hoe burgerlike organisasies in Suid-Afrika op PW Botha se hervormings en apartheidsbeperkings in die 1980's gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse op ʼn baie basiese manier om ʼn paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon ʼn deeglike begrip in die verduideliking van hoe burgerlike organisasies in Suid-Afrika op PW Botha se hervormings en apartheidsbeperkings in die 1980's gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ʼn georganiseerde paragraaf wat ʼn begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORDSAAK VAN DIE CRADOCK VIER HANTEER?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 2A – V1]*

- Die behoefte om 'n instelling te skep vir die herstel van geregtigheid wat baie slagoffers geweier is, wat tydens apartheid vermoor is (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Definisie van ŉ term uit bron 2A – V1]*

- ŉ Benadering tot geregtigheid wat poog om skade te herstel deur ŉ geleentheid te bied aan diegene wat benadeel is en diegene wat verantwoordelikheid neem vir die skade, om te kommunikeer en hul behoeftes aan te spreek in die nasleep van ŉ misdaad
- Herstellende Geregtigheid te vereis van die oortreders om verantwoordelikheid vir die skending van menseregte te aanvaar en met die slagoffers te versoen, sonder enige vorm van vervolging
- Die bedoeling van die herstellende geregtigheid is om ŉ gevoel van veiligheid en sekuriteit te herstel, harmonie te bevorder en waardigheid te herstel en almal wat geraak word te respekteer
- 'n Vorm van geregtigheid wat poog om die waardigheid van beide slagoffers en oortreders te herstel

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Om oortreders aan te moedig om die waarheid in ruil vir amnestie te vertel
- Straf sou oortreders ontmoedig om na vore te kom
- Om versoening tussen die twee partye aan te moedig
- Om afsluiting aan die baie slagoffers en hul families in die vorm van volle openbaarmaking van die waarheid te bring

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Die oortreders moes na vore kom, die **volle waarheid bely en bewys dat hul misdade polities gemotiveer was**

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.1.5 *[Onttrekking van inligting uit Bron 2A – V1]*

- Matthew Goniwe
- Sparrow Mkhonto
- Fort Calata
- Sicelo Mhlauli (enige 3 x 1) (3)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2 2.2.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 2B – V1]*

- Hulle is op pad huis toe deur die veiligheidspolisie onderskep en hul verkoolde oorskot is dae later ontdek
- Hul swaar verbrande liggame het elkeen talle steekwonde gedra
- Forensiese verslae het tekens van marteling en ander fisiese skade bevestig (enige 2 x 1) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 2B – V1]*

- '...het die identiteite van die moordenaars by die twee geregtelike doodsondersoeke na vore begin kom asook later toe hulle om amnestie by die Waarheids-en-Versoeningskommissie aansoek gedoen het" (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Verduideliking van die term uit Bron 2B – V2]*

- Amptelike kwytskelding (vergifnis) vir polities gemotiveerde misdade/gruweldade op voorwaarde dat die oortreders na vore kom en volle onthulling maak van gruweldade/menseregteskendings wat hulle gedurende die apartheidsera gepleeg het (160 -01994)
- 'n Amptelike kwytskelding (vergifnis) aan oortreders van menseregteskendings deur die WVK
- Oortreders wat voor die WVK verskyn het, is van vervolging vir hul politieke misdade uitgesluit

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- President De Klerk was onder druk van verskeie groepe soos die Black Sash/ie families van die Cradock-vier/media
- Die apartheidstaat het aanvanklik hul betrokkenheid by die moord op die Cradock-vier ontken, maar hulle (oortreders) het later aansoek om amnestie by die WVK gedoen, wat 'n skulderkenning was
- Die families van die Cradock-vier wou hê die veiligheidspolisie wat amnestie geweier is, moet deur die NVG vervolg word/ wou geregtigheid vir hul geliefdes hê
- Daar was stadige vordering met die vervolging van veiligheidspolisie wat by die moord op die Cradock-vier betrokke was
- Daar was 'n vermoede dat die voormalige Suid-Afrikaanse president by die moord op die Cradock-vier betrokke was/belangegroepe het geglo dat daar 'n toesmeerdery deur die polisie was/ hulle wou weet wie die moord beveel het
- Nadat die militêre berig in die media gepubliseer/onthul is wat die regering geïmpliseer het

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Die polisie is opdrag gegee om die Cradock dringend 4 te vermoor
- Dit impliseer dat die apartheidsveiligheidspolisie beplan het om die Cradock-vier te vermoor
- Dit impliseer dat die Cradock-vier op die geheime polisie se moordlys was vir hul aktiewe deelname aan die stryd teen apartheid in die Cradock-omgewing
- Die veiligheidspolisie het saamgesweer om aktiviste te verwyder wat die apartheidswette in die Cradock-omgewing uitgedaag het

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Om beide oortreders en slagoffers uit te nooi/aan te moedig om voor die WVK te verskyn en te getuig oor menseregteskendings wat hulle tydens apartheid gepleeg/gely het
- Om die publiek in te lig oor die gruweldade wat tydens apartheid gepleeg is
- Om mense aan te moedig om die waarheid te praat oor hul betrokkenheid by politieke moorde in die verlede
- Om die publiek in te lig dat daar WVK-verhore regoor die land plaasvind
- Om die doel van die WVK uit te lig – vertel van die waarheid en versoening
- Om oortreders en slagoffers aan te moedig om te verenig en versoen

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

**WVK-verhore was bedoel om:**

- Om beide oortreders en slagoffers aan te moedig om die waarheid te vertel/menseregteoortredings volledig openbaar te maak
- Apartheidsagente/veiligheidspolisie is aangemoedig om na vore te kom en slagoffers te vertel waar hul geliefdes is
- Om genesing en versoening tussen oortreders en hul slagoffers te bevorder

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.4

2.4.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 2D – V1]*

- om die staat te dagvaar omdat hy die vervolging van diegene wat vir hul dood verantwoordelik is, vertraag het (1 x 2) (2)

2.4.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 2D – V1]*

- Hermanus Barend du Plessis (1 x 1) (1)

2.4.3 *[Evaluering van die bruikbaarheid van bewyse uit Bron 2D – V3]*

**’n Geskiedkundige sou die bron as BRUIKBAAR beskou omdat:**

- Dit is ‘n primêre bron/ Die bron bevat die oorspronklike woorde van mev. Calata
- Mev Calata se siening as vrou van een van die slagoffers gee insig in die frustrasies wat die gesinne ervaar het in hul soeke na geregtigheid
- Dit gee insig oor hoe die NVG doelbewus die vervolging van die Cradock-vier-moordenaars vertraag het nadat die saak deur die WVK verwys is
- Dit gee insig oor hoe die NVG gesloer het om die oorblywende/die laaste lewende verdagte in die moordsaak, Barend Du Plessis, te vervolg totdat hy gesterf het en die families die afsluiting wat hulle nodig gehad het, ontneem het
- Die bron beklemtoon dat die Cradock-vier-gesinne nie die geregtigheid gekry het wat hulle wou hê met betrekking tot hul geliefdes nie
- Dit word ondersteun deur Bron 2B wat aandui dat die apartheidstaat hul betrokkenheid in die moord op die Cradock-vier ontken het

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

2.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Mev Calata het bedoel dat dit blyk dat die regering sommige lede van die ANC beskerm het wat by die moord op die Cradock-vier betrokke was/daar was ’n toesmeer vir sommige lede van die ANC deur die regering
- Sy meen De Klerk het iets geweet van die moord op haar man en ander
- Die regering kan sake vertraag omdat daar moontlik ooreengekom is as deel van ’n politieke skikking wat tydens onderhandelinge vir demokrasie bereik is dat sommige sake tersyde gestel sou word

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en 2D–V3]*

- In Bron 2C het die WVK oortreders aangemoedig om die waarheid te vertel/ hul betrokkenheid by menseregteskendings ten volle te openbaar terwyl Bron 2D noem dat die Cradock-vier se families die staat gedagvaar het vir die uitstel van die vervolging van apartheidsveiligheidspolisie wat amnestie geweier is omdat hulle nie die waarheid bekend gemaak het nie
- In Bron 2C het die WVK apartheidsagente/veiligheidspolisie aangemoedig om na vore te kom en slagoffers te vertel van waar hul geliefdes is sodat hulle kon genees en versoen, terwyl Bron 2D meld dat Barend Du Plessis, die laaste lewende verdagte in die moordsaak, gesterf het sonder om die waarheid te vertel en die families het nie die afsluiting wat hulle nodig gehad het gekry nie
- In Bron 2C vra die WVK vir versoening in die WVK, terwyl bron 2D beklemtoon dat mev. Calata ontevrede gevoel het met hoe die NVG (wat op aanbevelings van die WVK optree) met die slagoffers se families hanteer/gevoel het dat die NVG lede van die ANC beskerm
- In Bron 2C vra die WVK om saam te werk in die WVK, terwyl bron 2D beklemtoon dat mev. Calata ontevrede gevoel het met hoe die NVG (wat op aanbevelings van die WVK optree) met die slagoffers se families hanteer/gevoel het dat die NVG lede van die ANC beskerm

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

- Die WVK het ten doel gehad om families van slagoffers te help om afsluiting te verkry indien oortreders die waarheid ten volle openbaar maak (Bron 2A)
- By die WVK het die apartheidstaat het sy betrokkenheid by die moord op die Cradock-vier ontken (Bron 2B)
- 2 Geregtelike doodsondersoeke na hul moorde is in 1987 en 1993 gehou nadat ʼn uitgelekte geheime militêre berig deur die koerant *New Nation* bekend gemaak is (eie kennis)
- Niemand is vervolg nadat dit in die eerste geregtelike doodsondersoek verklaar is dat hulle deur 'onbekende persone' vermoor is nie (eie kennis)
- Die tweede geregtelike doodsondersoeke het ʼn vinger van agterdog na SAP en SAW gewys, die twee veiligheidsmagte het nie verder ondersoek ingestel nie (eie kennis)
- Die Cradock Vier-moordenaars het by die Waarheids-en- Versoenings-kommissie om amnestie aansoek gedoen sonder om volledige openbaarmaking (Bron 2B)
- Die WVK het ʼn platform geskep vir slagoffers en oortreders om hul stories oor menseregtevergrype te vertel (Bron 2C)
- Hulle het geglo dat daar ʼn toesmeerdery deur die polisie was oor wie die sluipmoord beveel het (Bron 2D)
- Die families van die Cradock-vier wou hê die veiligheidspolisie wat amnestie geweier is, moet deur die NVG vervolg word (Bron 2D)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- ʼn Dossier is verloor deur die NVG, die regstryd deur Lukhanyo Calata en die ander families het daartoe gelei dat ʼn nuwe liggaam DPCI (Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek) ingestem het om die saak op te neem (eie kennis)
- Die families wou geregtigheid vir hul geliefdes hê, maar daar was stadige vordering in die vervolging van die veiligheidspolisie wat betrokke was by die moord op hul familielede (Bron 2D)
- Die Cradock-vier-families het nie afsluiting gekry nie omdat Barend Hermanus Du Plessis, die laaste lewende verdagte in die moordsaak dood is sonder om die waarheid te praat (Bron 2D en eie kennis)
- Hulle voel dat geen geregtigheid geskied het nie en het dus nie afsluiting gehad nie (eie kennis)
- Tot dusver het die NVG versuim om sy mandaat uit te voer (eie kennis)

(Enige ander relevante antwoord.)

**Gebruik die volgende rubriek om ʼn punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ʼn elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die WVK die Cradock Vier-moordsaak hanteer het**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ʼn paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ʼn groot mate verband met die onderwerp, bv**. toon ʼn mate van begrip van hoe die WVK die Cradock Vier-moordsaak hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse op ʼn baie basiese manier om ʼn paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer ʼn deeglike begrip van hoe die WVK die Cradock-vier-moordsaak hanteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ʼn georganiseerde paragraaf wat ʼn begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING VOEDSELSEKERHEID IN ONTWIKKELDE EN ONTWIKKELENDE LANDE IN DIE 21STE EEU BEÏNVLOED?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3A – V1]*

- Die oorsake van voedselonsekerheid en wanvoeding aan te pak

(1 x 2) (2)

3.1.2 *[Definisie van 'n term uit Bron 3A – V2]*

- 'n Ontmoeting tussen staatshoofde van die Globale Noorde om wêreldhonger te takel
- 'n Ontmoeting tussen staatshoofde in kapitalistiese lande om voedselonsekerheid uit te roei

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3A – V1]*

- konflik
- geweld
- klimaatskrisis (enige 2 x 1) (2)

3.1.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Die wêreld is diepgaande verbind en 'n klein gebeurtenis aan die een kant van die wêreld kan 'n groot steurnis in ander areas veroorsaak
- 'n Oorlog/klimaatkrisis aan die een kant van die wêreld kan 'n voedselkrisis regoor die wêreld tot gevolg hê
- Globalisering beteken dat iets kleins wat in die ontwikkelde wêreld gebeur 'n veel groter effek in die ontwikkelende lande kan hê

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Miljoene ton graan is deur Rusland in die Swartsee-hawens geblokkeer wat voedselhulp aan kwesbare nasies verhoed het
- Stygende lewenskoste in ontwikkelende lande
- Stygende brandstofpryse het voedsellewering aan kwesbare lande beïnvloed
- Toename in hongervlakke in armer lande
- Tekort aan sonneblom/kookolie/koring/dierevoer

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.1.6 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3A – V1]*

- Bou klimaatbestande en volhoubare (hernubare) voedselstelsels
- Voorkom en verminder humanitêre krisisse
- Die gebruik van wetenskap en tegnologie om voedselsekerheid vir mense in die lande wat die swaarste getref word, te bevorder

(enige 2 x 1) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3B – V1]*

- COVID-19
- Oorlog teen Oekraïne
- Klimaatsverandering

(enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Definieer van term uit Bron 3B-V1]*

- Globalisering is die proses waardeur die vloei van idees, mense, goedere, dienste en kapitaal gelei het tot die integrasie van ekonomieë en samelewings
- Globalisering is ’n term wat gebruik word om te beskryf hoe handel en tegnologie (internet) die wêreld in ’n meer gekoppelde en interafhanklike plek/dorp gemaak het

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Die VSA monopoliseer globale voedselhandel
- Die voedselstelsel het meer geglobaliseerd geword, wat tot mededinging vir voedselaankope gelei het
- Massiewe gebruik van chemikalieë en hibriede plante in ontwikkelde lande (VSA) beïnvloed landboustelsels in ontwikkelende lande
- ’n Groot bedrag geld uit ontwikkelde lande soos die VSA word aan voedselinvoer na ontwikkelende lande bestee

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- As gevolg van ’n toename in die bevolking in armer lande vind geïndustrialiseerde lande dit moeilik om voedselsekerheid vir ’n steeds groeiende bevolking te voorsien
- Klimaatsverandering, inflasie en oorloë bv. die Oekraine-oorlog plaas ’n stremming op hoogs geïndustrialiseerde lande, wat dit vir hulle moeilik maak om die armer lande te help
- Wateronsekerheid en klimaatsverandering in Afrika lei tot swak oeste en maak dit moeilik om die groeiende bevolking in armer lande te voed
- Burgerlike onrus en korrupsie op die Afrika-kontinent bv. Kenia, DRK, Angola veroorsaak onstabiliteit en probleme om voedsel in armer lande in te voer
- Hongersnood in lande soos Soedan, Somalië en Ethiopië veroorsaak ontheemding en politieke onstabiliteit wat lei tot ’n tekort aan voedsel in armer lande

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Voedselsekerheid is ’n uitdaging aangesien die VSA sukkel om kos aan al sy burgers te verskaf (mense wat kos soek in asblikke)
- Kospryse is hoog (sal vir kos werk)
- Miljoene mense regoor die wêreld gaan elke aand honger slaap (ons is nie honger nie net voedsel-onseker)
- Armoede, werkloosheid en lae lone lei tot voedselonsekerheid en haweloosheid (en jy is ook nie haweloos nie, net “skuiling-onseker”)
- Maak ’n bespotting van die erns van die voedselkrisisse in die VSA/ Probeer om die erns van die hongerkrisisse te versag. (“Geen honger in die VSA net voedselonsekerheid”/).

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Bepaling van beperkings van Bron 3C – L3]*

**Die bron is beperk omdat:**

- Die bron is eensydig, beeld die Amerikaanse regering uit asof hulle niks doen nie (in ontkenning is) om honger en armoede te hanteer/ Amerikaanse regeringspogings om voedselsekerheid aan te spreek word nie uitgebeeld nie/ geen Amerikaanse perspektief nie
- Die bron is bevooroordeeld (teen die Wêreldbank) aangesien dit nie die inisiatiewe verskaf wat deur die Wêreldbank geneem is om voedselonsekerheid te verlig nie
- Die bron wys nie hoe die voedsel- en voedingsekerheidsprogramme kwesbare gesinne in die VSA ondersteun nie


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Die bron gebruik emosionele taal, bv. (ons is nie honger nie net voedsel-onseker/en jy is ook nie haweloos nie, net "skuiling-onseker) om die Amerikaanse regering te kritiseer
- Die kwessie van voedselonsekerheid is oordrewe
- Die bron kan vir propagandadoeleindes gebruik word om mense te beïnvloed om die regering/kapitalisme vir armoede en honger te blameer

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 2 x 2) (4)

3.4 3 4.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3D – V1]*

- Om voedsel- en voedingsekerheid 'n hupstoot te gee
- Risiko's te verminder
- Voedselstelsels te versterk
- Produsente en verbruikers te ondersteun
- Verhoogde handel in voedsel en handelsinsette te fasiliteer
- Kwesbare huishoudings te ondersteun
- In volhoubare voedsel- en voedingsekerheid te belê (enige 2 x 1) (2)

3.4.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3D – V1]*

- Kanada
- Frankryk
- Duitsland
- Italië
- Japan
- Verenigde Koninkryk
- VSA (enige 3 x 1) (3)

3.4.3 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3D – V1]*

- IMF/Internasionale Monetêre Fonds
- WVP/Wêreldvoedselprogram
- Wêreldbankgroep
- WHO/Wêreldhandelsorganisasie (enige 1 x 1) (1)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Ontwikkel Globale Voedsel- en Voedingsekuriteit Paneelbord, wat waardevolle inligting verskaf oor hoe om hulle te help om op die voedselkrisis te reageer
- Die Wêreldbank verskaf die finansiële hulpbronne/fondse
- Bevorder die bou van infrastruktuur en die gebruik van tegnologie in landbouproduksie
- Versterk nasionale regerings om voedingsprogramme te formuleer
- Verhoog fokus op verantwoordelike beleggings om omgewingsvriendelike infrastruktuur te vestig
- Verminder voedselverlies en vermorsing

(Enige ander relevante antwoord.) (enige 1 x 2) (2)

3.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3C en 3D – L3]*

- Bron 3C toon dat voedselonsekerheid ŉ groot uitdaging vir die VSA is en Bron 3D verwys na die Wêreldbank wat nuwe projekte finansier om voedsel- en voedingsekerheid aan te spreek
- Bron 3C toon dat daar ŉ hongerkrisis in die VSA was en Bron 3D verwys na die G7-nasies insluitend die VSA wat ŉ Globale Alliansie byeengeroep het om die wêreldwye hongerkrisis aan te spreek

(Enige ander relevante antwoord.) (2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van relevante bronne-V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- ŉ Globale Voedselsekerheidsberaad is in November 2023 gehou om die voedselkrisis wat in die wêreld dreig aan te spreek (Bron 3A)
- In 2022 was daar 4,7 miljoen mense wat voedselarmoede ervaar het (Bron 3A)
- Miljoene mense regoor die wêreld gaan slaap elke aand honger veral in die Globale Suide (eie kennis)
- Die Oekraïne-krisis en ander oorloë, COVID-19 en klimaatsverandering het voedselonsekerheid in beide ontwikkelde en ontwikkelende lande vererger (Bron 3A, Bron 3B)
- Hoogs geïndustrialiseerde lande is nie in staat om voedselonsekerheid in armer ontwikkelende lande te voorkom nie (Bron 3B)
- Voedselsekerheidsbeleide moet ŉ oplossing vir die probleem bevorder (eie kennis)
- Goeie regering (nie korrupsie) is baie belangrik om armoede en voedselonsekerheid uit te roei (Bron 3B)
- Ontwikkelde lande soos die VSA ervaar voedselonsekerheid (Bron 3C)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Een uit elke agt Amerikaners is voedselonseker (eie kennis)
- Mense het steeds nie toegang tot voedsel nie omdat voedselpryse te hoog is (Bron 3C)
- Die Wêreldbank het 30 miljard dollar beskikbaar gestel om die voedselsekerheidskrisis aan te spreek (Bron 3D)
- Die G7-nasies het 'n Globale Voedsel- en Voedingsekerheid Webwerf Paneelbord ontwikkel om te help om beleid en finansiële reaksie op die voedselkrisis te verbeter (eie kennis)
- Die IMF, Wêreldbank, WVP en WHO neem ernstige stappe om te verhoed dat die voedselkrisis vererger (Bron 3D)

(Enige ander relevante antwoord.)

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. **toon min begrip oor hoe globalisering voedselsekerheid in ontwikkelde en ontwikkelende lande in die 21ste eeu beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon 'n mate van begrip oor hoe globalisering voedselsekerheid in ontwikkelde en ontwikkelende lande in die 21ste eeu beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe globalisering voedselsekerheid in ontwikkelde en ontwikkelende lande in die 21ste eeu beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 5 – 8** |

(8)
**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

### SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die selfgeldendheid wat deur die Swart Bewussynsbeweging bevorder is, swart Suid-Afrikaners beïnvloed om die apartheidsregime in die 1970's uit te daag.

### HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hul opstelle insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui tot watter mate die selfgeldendheid wat deur die Swart Bewussynsbeweging bevorder is, swart Suid-Afrikaners beïnvloed het om die apartheidsregime in die 1970's uit te daag.

Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

### UITBREIDING

Politieke vakuum is geskep deur ANC- en PAC-leierskap wat verbied is en in ballingskap geplaas is – agtergrond

**Bemagtiging van swartes vir selfverwesenliking**
- Om hulself te aanvaar/selfvertroue/selfstandigheid/identiteitsgevoel te hê
- Swartes bemagtig om die gees van selfbejammering te verwerp; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en oorheersing deur eksterne kragte

**Politieke selfgelding**
- Swart studente het hulself begin organiseer om wit oorheersing te weerstaan deur weg te breek van NUSAS en SASO gestig (1968)
- Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (Rol van Biko/SASO)
- SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole
- SB het gelei tot die stigting van die Black People's Convention (BPC) in 1972 wat studente, kerke, gemeenskappe en vakbonde betrek het
- Vakbonde wat in lyn was met die SB-filosofie het Black Parents' Association en Black Allied Worker's Union (BAWU) ingesluit.
- Suid-Afrikaanse Studentebeweging is in 1972 gestig wat Swartes blootgestel het aan die ideale van SB


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- BCM en SASO het FRELIMO Byeenkomste (1974) georganiseer – uitdrukking van selfgelding wat die NP uitgedaag het
- Die arrestasies van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog – 'n voorbeeld van hoe die regering die selfgeldigheid van die beweging wou stilmaak

**Studente selfgeldend**
- Bantoe-onderwys het Afrikaans as onderrigmedium in skole ingestel (1975)
- SASO en SASM het die vorming van Soweto Studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) beïnvloed
- Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans – as die taal van die onderdrukker verwerp – uitdrukking van selfgelding
- Sommige onderwysers en leerders is reeds blootgestel aan die idees van Biko en die SB-filosofie deur SASO-studentonderwysers van universiteite
- Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) was die sneller vir die Soweto-opstand
- 16 Junie 1976 het studente vreedsaam betoog teen die implementering van die omsendbrief – voorbeeld van selfgelding
- Polisie se reaksie op studentebetogings (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun was een van die eerste slagoffers van hierdie opstand) – 'n voorbeeld van hoe die regering die selfgelding van die beweging/studente wou stilmaak

**Selfgelding en selfstandigheid deur gemeenskapsprogramme**
- Biko se verbanning na King Williams Town het gelei tot verskuifde fokus na gemeenskapsprogramme – 'n voorbeeld van hoe die regering die selfgelding van die beweging wou stilmaak
- SB het onafhanklikheid van blankes bevorder deur Swart Gemeenskaps-programme om swartes sonder wit bystand te ondersteun. (Zanempilo Gesondheidskliniek/Ginsburg opvoedkundige Trust/Zimele Trustfonds/Sole Mpilo Gemeenskapsgesondheidsentrum/ Ithuseng Gemeenskapsgesondheidprojek en Winterskool Projekte)

**Uitdrukking van selfgelding deur Swart werkers (Arbeidsunies)**
- Werkers gemobiliseer om vakbonde te stig
- SB het gelei tot die stigting van die Black Allied Workers Union (BAWU) – werkerstakings in Durban in 1973 – Durban Beweging het die NP en die werkgewers uitgedaag
- Vakbonde is deur die regering as wettig erken

**Uitdrukking van selfgelding deur media**
- Rol van media wat die SB-filosofie goedgesind was, bv. The World/Thrust koerant
- NP het al 17 SB-belynde organisasies verbied en SB simpatieke koerante gesluit – nasionale party wou die selfgeldendheid van die SB-beweging wat die apartheidsregime uitgedaag het, hanteer

(Enige ander relevante antwoord.)

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE VAN SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

### SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie. As hulle saamstem met die stelling, moet hulle verduidelik hoe die proses van onderhandelinge vir ŉ demokratiese Suid-Afrika deurtrek (gevul) was met geweld en spanning wat die geboorte van ŉ nuwe Suid-Afrika amper ontspoor het.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul opstelle insluit:

**Inleiding:** Kandidate kan saamstem of verskil dat die proses van onderhandelinge vir ŉ demokratiese Suid-Afrika deurtrek (gevul) was met geweld en spanning wat die geboorte van ŉ nuwe Suid-Afrika amper ontspoor het. Hulle moet aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

### UITBREIDING

Kandidate moet fokus op die onderhandelingsproses tussen 1990 en 1994:

- F W de Klerk het by Botha oorgeneem en hervormings ingestel
- De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990 in die parlement
- Die ontbanning van politieke en burgerlike organisasies soos die ANC en SAKP
- Opheffing van beperkings op COSATU en AZAPO
- FW de Klerk se besluit om Mandela op 11 Februarie 1990 uit die tronk vry te laat
- ŉ Weg is gebaan vir die formele onderhandelinge
- Eerste ontmoeting tussen FW de Klerk en Mandela – Groote Schuur 2 Mei 1990 (die Groote Schuur-minuut)
- Die kwessie van geweld in Sebokeng wat die begin van onderhandelinge amper ontspoor het
- Gevolg deur nog ŉ vergadering in Pretoria – 6 Augustus 1990 – waar die ANC ingestem het om die gewapende stryd op te skort (die Pretoria-minuut)
- KODESA 1,19 politieke partye het by die Wêreldhandelsentrum, in Kempton Park, vergader
- AZAPO-, KP- en PAC-afgevaardigdes het geweier om die onderhandelinge by te woon, wat spanning veroorsaak het wat formele samesprekings amper ontspoor het
- Regse Konserwatiewe Party en linkse Pan Africanist Congress het KODESA I geboikot
- IFP-leier, Mangosuthu Buthelezi het ook geweier om dit by te woon
- Geweld het in sommige dele van die land uitgebreek – Sebokeng en Natal- het gedreig om die onderhandelinge te ontspoor
- Die slegs-blankes referendum het De Klerk ŉ duidelike mandaat gegee om te onderhandel, wat ŉ uitdaging vir regses was



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- KODESA II het ineengestort oor meerderheidsregering/magsdeling/streeksmagte – spanning veroorsaak
- Die Nasionale Party wou minderheidsveto hê, terwyl die ANC ŉ tussentydse regering, vir nie langer as 18 maande nie, en gewone meerderheidsregering wou hê
- Toenemende geweld (d.w.s. Boipatong – 17 Junie 1992; Bisho – 7 September 1992) – het die onderhandelingsproses amper ontspoor
- Die sluipmoord op Chris Hani het gelei tot betogings wat die proses kon ontspoor het, spanning veroorsaak
- Sonsondergangsklousule is deur Joe Slovo ingestel – het die onderhandelings-dooiepunt verbreek
- Storm van die Wêreldhandelsentrum deur die regse AWB
- Rekord van Verstandhouding as gevolg van samesprekings tussen Cyril Ramaphosa en Roelf Meyer
  St. James Kerkbom, Heidelberg Taverne, moord op Amerikaanse uitruilstudent Amy Biehl- deur APLA
- Shell House-bloedbad
- Bophuthatswana-bloedbad - ontspoor byna geboorte van ŉ nuwe demokrasie
- Regse bomaanvalle regoor Suid-Afrika, bv. Jan Smuts-lughawe
- Finale ooreenkoms vir die verkiesings is bereik
- 27 April 1994 verkiesing
- ANC het verkiesings gewen en Mandela het die eerste swart Suid-Afrikaanse president geword
- Regering van Nasionale Eenheid is gestig

(Enige ander relevante antwoord.)

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hulle argumente met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS:**

Kandidate moet krities bespreek hoe die hervormings van Gorbatsjof tot die ineenstorting van kommunisme en die verbrokkeling van die Sowjetunie gelei het, wat uiteindelik vanaf 1989 verandering in die Suid-Afrikaanse politieke landskap gebring het.

**HOOFASPEKTE:**

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet ŉ argumentslyn volg deur die bewering dat die hervormings wat deur Gorbatsjof ingestel is, tot die ineenstorting van kommunisme gelei het en vanaf 1989 verandering in die politieke landskap in Suid-Afrika teweeggebring het, krities te bespreek.

**UITBREIDING**

- Gorbatsjof wou die Sowjet-ekonomie (perestroika) moderniseer, 'openheid' (glasnost) toelaat – kortliks
- Perestroika het kleinskaalse private eienaarskap toegelaat en regeringsbeheer oor produksie verwyder – wegskuif van Kommunisme
- Glasnost het mense toegelaat om regerings-onbekende kultuur onder Kommunisme te kritiseer
- Perestroika en Glasnost het gelei tot eise vir die einde van kommunisme en volle demokrasie
- Dit het gelei tot die einde van kommunisme en die einde van die Koue Oorlog/ Rusland is nie meer as ŉ supermoondheid beskou nie
- Hierdie hervormings sal ŉ diepgaande uitwerking op die Sowjetunie, Oos-Europa en Suid-Afrika hê
- Die verbrokkeling van die Sowjetunie
- Kommunisme is nie meer as ŉ 'globale bedreiging' gesien nie
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het ook Suid-Afrika geraak.
- Die apartheidsregime kon nie meer kommunisme gebruik om sy beleid van apartheid te regverdig nie



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- Die Nasionale Party se bewering dat hy Suid-Afrika teen ŉ kommunistiese aanslag beskerm, het onrealisties geword
- Die Nasionale Party se bewering dat hy die Kaapse seeroete teen ŉ kommunistiese oorname beskerm, was nie meer aanneemlik nie
- Nadat die NP so lank verban was (30 jaar) het die NP geglo die ANC sou dit moeilik vind om van ŉ bevrydingsbeweging na ŉ politieke party oor te skakel
- Die NP het die ANC as swak beskou en gedink hulle kan hulle manipuleer
- Die NP het geglo hulle kan die tempo van verandering beheer
- Die VSA en sy bondgenote kon nie meer voortgaan om die onderdrukkende apartheidsregime te ondersteun nie
- Die ineenstorting van die USSR het ook die ANC beïnvloed om sy standpunt teen die leiers van die apartheidsregime te verander
- Die Sowjetunie kon nie meer die ANC ekonomies en militêr ondersteun nie
- In die lig hiervan moes die ANC sy ekonomiese en politieke beleid hersien
- Hulle het wegbeweeg van nasionalisering en wou vir ŉ gemengde ekonomie stem
- Hulle het die gewapende stryd laat vaar
- Hulle het erkenning van Westerse moondhede gesoek
- Hulle het ondersteuning van die Weste gesoek
- MK is deur die VSA uit Angola na Uganda gevlieg
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het druk op beide die Nasionale Party en die ANC geplaas om met onderhandelinge te begin
- Eksterne steun vir beide die Nasionale Party en die ANC was besig om te vervaag en onderhandelinge was die beste opsie vir beide kante
- Die dooiepunt van die SAW in die Slag van Cuito Cuanavale het daartoe gelei dat die Nasionale Party met kommuniste begin onderhandel het oor die onafhanklikheid van Namibië
- Kuba het uit Angola onttrek, die SAW het uit Namibië onttrek
- Aangesien die Nasionale Party met kommuniste in Namibië kon onderhandel, het dit vir hulle makliker geword om met die ANC te praat
- Die vreedsame Namibiese oorgang het De Klerk oortuig dat onderhandelinge nie ŉ selfmoordaksie sou wees nie
- Die Westerse wêreld het ŉ onderhandelde skikking in Suid-Afrika ondersteun sodat sy uitdagings vreedsaam en demokraties opgelos kan word
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party-regering nie wit oppergesag vir ŉ onbepaalde tyd kon handhaaf nie
- Die voortgesette onderdrukking van swart Suid-Afrikaners sou uiteindelik lei tot politieke onstabiliteit en ekonomiese ondergang
- Teen die laat 1980's was die Suid-Afrikaanse ekonomie in ŉ toestand van depressie en die NP het geen ander keuse gehad as om ŉ proses van onderhandeling met die ANC te begin nie
- Sakelui het hervorming gevra, interne onrus het toegeneem en ŉ finansiële krisis het die ekonomie in SA laat tuimel



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



- PW Botha het ŉ beroerte gehad en is opgevolg deur FW de Klerk
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie ŉ sameswering was wat vanuit Moskou gerig is nie
- Hy het erken dat die val van kommunisme die 'aap van sy rug afgehaal het'
- Dat hy ŉ dwaas sal wees om nie die geleentheid te benut wat die val van kommunisme geskep het nie
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies in gesprek te tree om ŉ blywende oplossing vir Suid-Afrika te vind
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-apartheidsorganisasies aangekondig wat die ANC, PAC en SAKP ingesluit het en die vrylating van politieke gevangenes wat die weg sou baan vir samesprekings en die geboorte van ŉ demokratiese Suid-Afrika

(Enige ander relevante antwoord.)

**Gevolgtrekking:** Kandidate moet hulle argumente met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**



SA EXAM PAPERS